Alan Paton

Alan Paton (1903-1988) was ’n Suid-Afrikaanse skrywer wat veral vir sy eerste **roman** getiteld *Cry, the beloved country* onthou word. Die boek het **opslae** gemaak as ’n **fiktiewe** verhaal wat die rassediskriminasie tydens die ou apartheidsbedeling in die kollig plaas – hoewel apartheid eers later in daardie jaar as amptelike regeringsbeleid aanvaar is. Die boek het groot aandag in veral die buiteland gelok.

Grootwordjare en persoonlike lewe

Die skrywer is as Alan Stewart Paton op 11 Januarie 1903 op Pietermaritzburg in die destydse Natal-provinsie gebore. Die provinsie word vandag KwaZulu-Natal genoem. Hy was een van vier kinders, twee seuns en twee dogters. Paton se pa se naam was James, en hy was ’n Skotse **immigrant** en staatsdiensamptenaar wat in 1895 na Suid-Afrika gekom het. Sy pa was glo baie godsdienstig en streng. Sy ma, Eunice Warder, was die dogter van Engelse immigrante.

Paton was baie skrander op skool en het graag gelees. Hy het glo die boeke van veral Walter Scott, Charles Dickens en Rupert Brooke geniet.

Paton het in 1928 met ’n vrou genaamd Dorrie Francis Lusted getrou, en hulle het twee seuns, Jonathan en David, gehad. [1]

Studies en loopbaan

Paton het by die seunskool Maritzburg College in Pietermaritzburg skoolgegaan en het al as 15-jarige gematrikuleer. Hy het daarna ’n graad in wetenskap, gevolg deur ’n onderwysdiploma, aan die Natal University College (later die Universiteit van Natal en vandag die Universiteit van KwaZulu-Natal) behaal. Hy het van 1925 tot 1935 aan die Ixopo High School skoolgegee. Ná sy troue het hy en sy vrou teruggetrek na Pietermaritzburg, waar hy skoolgegee het.

Natal University College

Hy het egter in 1935 ’n pos by die Diepkloof-**verbeteringskool** vir swart seuns aanvaar. Sy tyd daar het ’n groot impak op sy lewe gehad. Hy het uiteindelik 13 jaar daar gewerk en ook na Swede, Noorweë en Amerika gereis om daar verbeteringskole en tronke te besoek. Hy het baie **progressiewe** verbeterings aan die verbeteringskool gemaak en het daar baie bewus geword van die **ongeregtigheid** van apartheid. Paton was ’n diepgelowige mens en het geglo dat vergifnis en versoening die enigste pad vorentoe vir Suid-Afrika was. [2]

Groot sukses en verdere skryfwerk

Paton het sy eerste en bekendste boek, *Cry, the beloved country,* in 1946 in Trondheim, Noorweë, begin skryf. Hy het die boek nog dieselfde jaar in San Francisco, Amerika, voltooi. Dit is in 1948 in Amerika gepubliseer en was ’n wegholsukses. Dit het teen 1988 meer as 15 miljoen eksemplare wêreldwyd verkoop. Dis in 20 tale vertaal en het tot twee films gelei: een in 1951 en een in 1995. Daar was ook in die jare veertig ’n Broadway-musiekblyspel wat op *Cry, the beloved country* gegrond is.

Die storie vertel die verhaal van ’n Zoeloe-predikant genaamd Stephen Kumalo wat na Johannesburg reis. Hy vind daar uit dat sy enigste seun die enigste seun van ’n wit man vermoor het. Sy seun, Absalom, word gehang, en die **tragedie** beïnvloed sy geloof, maar verbind hom ook met die pa wat sy seun verloor het. [1]

Die sukses van die boek het Paton in staat gestel om uit sy pos by Diepkloof te bedank en hom voltyds op skryfwerk toe te spits. Hy het na die kus van KwaZulu-Natal getrek en het 19 boeke tussen 1948 en 1989 uitgegee. Sy tweede roman, *Too late the phalarope*, is in 1953 gepubliseer, en dit is deur niefiksieboeke oor Suid-Afrika gevolg: *The land and people of South Africa* (1955), *South Africa in transition* (1956) en *Hope for South Africa* (1959). Van sy korter skryfstukke het in die boeke *Debbie go home* (1961), *The long view* (1968) en *Knocking on the door* (1976) gevolg.

Hy het ook ’n versameling kortverhale in *Tales from a troubled land* in 1969 as ’n

bundel gepubliseer. Verder het hy sy hand aan biografieë, soos *South African tragedy: the life and times of Jan Hofmeyr* en *Apartheid and the Archbishop: the life and times of Geoffrey Clayton* gewaag.

Hy het ook ’n **outobiografie** oor die eerste 45 jaar van sy lewe geskryf. Die boek, *Towards the mountain*, is in 1980 gepubliseer. Nog een van sy gewilde boeke was *Ah, but your land is beautiful*. Die fiksieboek is in 1981 gepubliseer en het weer die rassesituasie in Suid-Afrika as tema ondersoek. Die tweede aflewering van sy outobiografie *Journey continued* is kort ná sy dood in 1988 gepubliseer. [3]

Paton wou graag iets doen om van die samelewing ’n beter plek te maak, en daarom het hy en sy vrou in 1953 by die Toc H-tuberkulosenedersetting in KwaZulu-Natal gewerk.

Politieke betrokkenheid

Paton was baie uitgesproke oor die destydse regering se apartheidsbeleid en het dit teengestaan. Hy het by politiek betrokke geraak en was in 1953 deel van die stigting van die Liberale Party van Suid-Afrika. Hy is in 1955 as leier van dié party verkies en het in die posisie gebly tot die regering die party in 1968 ontbind het. Dit was as gevolg van wetgewing wat veelrassige politieke partye verbied het. Sy aktiewe **opposisie** teen apartheid het ook gelei tot die **konfiskering** van sy paspoort. Hy kon van 1996 tot 1970 nêrens buite die land se grense gereis het nie. [4]

Paton het gesê dat **liberalisme** in Suid-Afrika vir hom die volgende beteken het: ’n vrygewige gees, verdraagsaamheid van ander, ’n poging om andersheid te verstaan, ’n verbintenis tot die regbank, ’n hoë ideaal van die waarde en waardigheid van mense, ’n afkeur van **outoritarisme** en ’n liefde vir vryheid. [5]

Alan Paton-straat, Durban

Later lewe en afsterwe

Paton se eerste vrou, Dorrie, is in 1969 aan **emfiseem** oorlede, en hy het ’n boek oor hul lewe saam geskryf. Die boek is *For you, departed* genoem en is in 1969 gepubliseer. Paton het later weer getrou, hierdie keer met sy sekretaresse Anne Hopkins. Paton is in April 1988 met keelkanker gediagnoseer. Hy is op 12 April 1988 in Durban oorlede. [4]

Hy is in 20 April 2006 **postuum** met die Orde van Ikhamanga in goud vereer vir sy “groot bydrae tot letterkunde en om die **onderdrukking** van apartheid deur sy werk te ontbloot.” [6]

Woordbank

biografie	Die geskiedenis van iemand se lewe wat beskryf word; lewensbeskrywing.
emfiseem	Toestand waarin die lugsakkies van die longe (weens asma, chroniese brongitis of rook) vergroot en beskadig is en kortasemheid veroorsaak.
fiksie	Literatuur, veral prosa, wat ’n beskrywing van denkbeeldige mense, dinge en gebeure gee; denkbeeldige voorstelling; verdigsel; versinsel (het dus nie regtig gebeur nie, die mense en plekke bestaan nie werklik nie).
fiktiewe	Dit wat in die verbeelding bestaan.
immigrant	Iemand wat van ’n ander land in ’n land kom bly.
konfiskering	Om beslag te lê op items, om items by iemand af te neem, veral wanneer dit iets is wat die persoon nie mag besit nie.
liberalisme	Liberale menings en beginsels op sosiale en politieke gebied.
onderdrukking	’n Groep mense onregverdig of wreed behandel en hulle nie dieselfde regte gun as wat ander mense in die gemeenskap het nie.
opposisie	Teenkanting.

opslae	Baie aandag getrek
ongeregtigheid	Onregverdigheid.
ontketen	Teweegbring, loslaat.
outobiografie	Storie wat iemand self oor sy/haar lewe geskryf het.
outoritarisme	’n Sisteem of ideologie waar mense vryheid het en waar onderwerping aan gesag vereis word.
progressiewe	Trapsgewys toenemend; opklimmende, op vooruitgang gerig; vooruitstrewende.
postuum	Wat ná die dood van iemand plaasvind of verskyn.
roman	’n Lang prosaverhaal met karakteruitbeelding en omgewingsbeskrywing.
tragedie	Iets wat gebeur wat slegte gevolge vir mense inhou.
verbeteringskool	’n Inrigting waarheen jeugoortreders gestuur word.

Lees hierdie artikels om nog meer te leer oor Paton

- **Ontmoet vir Alan Paton**
- **Alan Paton, befaamde skrywer van *Cry, my beloved country***
- **Alan Paton se geliefde land**

Kyk hierdie video’s om nog meer te leer oor Paton

Wie was Paton?

Paton in 1962

Leer meer oor Paton: deel 1

Leer meer oor Paton: deel 2